# LES 4 DIE GENADEVERBOND EN DIE WETSVERBOND: DIE KARAKTER VAN DIE GENADEVERBOND

**Oefening**: Kon julle die onderskeid tussen die twee verbonde in Hebreërs 8: 7 – 13 raaklees? Wys hoe julle dit kon raaksien!

## 1. Esegiël kondig die genadeverbond van God aan

Esegiël was ’n profeet, dit is ’n predikant, nes Jeremia. Hy was ook ’n priester in die tempel in Jerusalem. Met die val van Jerusalem op 15 en 16 Maart 597 v. C. voor Nebukadneser II van Babilon, word hy ook as ’n banneling vanaf Jerusalem na Babilonië weggevoer. Hy het saam met die Jode in ballingskap op die oewer van die Kebar-rivier gebly. Dit is waar die liedjie “On the rivers of Babilon” vandaan kom. Vyf jaar nadat hy in ballingskap gegaan het, in die jaar 592 v. C., begin hy vir die Jode preek. (Eseg.1:2) Esegiël is baie beïnvloed deur die lewe en werk van Jeremia.

In Esegiël 36: 23 -30 kondig Esegiël die genadeverbond aan. Kom ons kyk hoe lyk hierdie verbond!

*23 “Ek sal die heiligheid van My groot Naam laat blyk wat onder die nasies in oneer gekom het. Julle het my Naam oneer aangedoen onder die nasies. Wanneer Ek my heiligheid laat blyk in wat Ek met julle doen voor die oë van die nasies, sal hulle besef dat Ek die Here is”, sê die Here my God” 24 Ek sal julle tussen die nasies uit wegvat en julle na julle land toe bring. 25 Ek sal reinigingswater oor julle uitgooi dat julle rein kan word. Ek sal julle reinig van al julle onreinheid en van al julle afgodery. 26 Ek sal julle ’n nuwe hart en ’n nuwe gees gee, Ek sal die kliphart uit julle liggaam uithaal en julle ’n hart van vleis gee. 27 Ek sal my Gees in julle gee en Ek sal maak dat julle volgens my voorskrifte leef en my bepalings gehoorsaam en nakom. 28 Julle sal in die land woon wat Ek aan julle voorvaders gegee het, Julle sal my volk wees en Ek sal julle God wees. 29 Ek sal julle bevry van alles waarmee julle julle verontreinig het; Ek sal die graan aanspreek en sorg dat dit baie is; Ek sal nie weer hongersnood oor julle bring nie. 30 Ek sal sorg dat daar baie vrugte aan die bome is en groot oeste op die lande sodat julle nie weer die vernedering onder die nasies beleef dat julle hongersnood het nie. 31 Dan sal julle terugdink aan julle bose optrede en julle gedrag wat nie goed was nie en julle sal ’n afsku hê van julle self oor julle sonde en afskuwelike dade.”*

## 2. Die genadeverbond is ’n band wat glad nie ’n kontrak is nie

Wie moet die volgende ondernemings teenoor die Here maak? Wie se verantwoordelikheid is die volgende ondernemings?

- Om te sorg dat ons wegbly uit groepe wat wil hê ons moet saam met hulle in sonde leef?
- Om te sorg dat ons nie sonde doen nie?
- Om te sorg dat ons nie afgode aanbid nie?
- Om te sorg dat ons nie ’n verkeerde gesindheid teenoor God het nie?
- Om te sorg dat ons houding teenoor God reg is?
- Om te sorg dat ons luister na wat die Here vir ons sê?

- Om te sorg dat ons naby God leef?

Dit is óns verantwoordelikhede! In die wetsverbond van God is dit ons deel van die kontrak.

Kyk nou wat sê Esegiël, wie sorg vir hierdie verantwoordelikhede in die genadeverbond! Dit is God. God sorg dat Hy ons wegkry tussen mense uit wat in sonde leef; God sorg dat ek rein is en nie afgode aanbid nie; God sorg dat my houding teenoor Hom reg is: Hy neem die verkeerde hart weg en gee ’n nuwe hart; God sorg dat ek na Hom luister – Hy sal maak dat ek sy gebooie gehoorsaam en God sorg dat ek deel van sy volk is.

Alles wat in die wetsverbond mý deel van die kontrak was, word in die genadeverbond God se verantwoordelikheid.

Daarom is die Here se genadeverbond met ons nie ’n kontrak nie. Ons het nie ’n kant wat ons moet nakom nie. Alles is aan God se kant. Dit is wat die sin beteken: God sal ons God wees en ons sal sy volk wees. Dit is die “sál” van die verbond. God sorg vir al twee kante: sy kant én my kant.

**3. Die band in die genadeverbond is ’n geskenk van God**

Wat is hierdie band tussen ons en God as dit nie ’n kontrak is nie? Die Bybel noem dit ’n geskenk. Hy gee altwee die kante van hierdie band as ’n gawe aan sy kinders. Paulus beskryf dit op die volgende wyse in Efesiërs 2 verse 8 – 10:

“8 Julle is inderdaad uit genade gered, deur geloof. Hierdie redding kom nie uit julleself nie; dit is ’n gawe van God. 9 Dit kom nie deur julle eie verdienste nie, en daarom het niemand enige rede om op homself trots te wees nie. 10 Nee, God het ons gemaak wat ons nou is: in Christus Jesus het Hy ons geskep om ons lewe te wy aan die goeie dade waarvoor Hy ons bestem het:”

- Redding is om deel te wees van al die beloftes van die genadeverbond.
- Altwee kante van die verbond: ons gehoorsaamheid en God se goedheid, is ’n geskenk, ’n gawe van God.
- Ons ontvang hierdie gawe sonder enige verdienste: dit is sonder enige verantwoordelikheid wat ek moes nakom soos bid, sonde bely of bekeer.
- Daarom kan ons nie trots wees op ons verantwoordelikheid, so asof ons daardeur vir onsself die beloftes verdien het nie.
- Alles wat ons binne-in onsself beleef as liefde vir God, die wil om God gehoorsaam te wees, die behoefte om tot God te bid en om ons sonde teenoor Hom te bely en te los – is iets wat Hy binne ons skep deur sy verklarende Woord. Dit is wat Paulus bedoel – God het ons gemaak wat ons nou is.

**4. Die genadeverbond is ’n band wat God skep deur ’n verklaring**

God is Skepper. Hy skep alles uit niks nie. Dit doen Hy deur sy Woord. Die Woord van God is ŉ verklaring. ’n Verklaring is soos wanneer jou pa sê waar jy die naweek sál wees. As hy sê jy gáán die naweek by die huis bly, dan is dit hoe dit gaan wees. Dit is sy woord, en dinge gaan gebeur soos hy sê. Hy verklaar hoe dit gaan wees.

God skep deur te verklaar hoe dinge sál wees. As Hy ’n verklaring maak – dan is dit presies soos Hy dit verklaar.

Hierdie verklarende krag van God se woord sien ons duidelik in Genesis 1. Wanneer God sê: “Laat daar lig wees”, dan is daar lig. Dit is nie maar ŉ wens of net ŉ plan wat God uitspreek nie. Hy is die Skepper. Wat Hy sê, gebeur. Wat Hy sê, kom tot stand. Wanneer Hy sê: “Laat daar ŉ heelal wees met lewe in die vorm van plante, diere en mense”, dan is dit so. Uit niks ontstaan daar kragte en magte wat gasse vorm, gasse laat ontplof, massas laat vorm, planete tot stand bring in miljarde sonnestelsels en melkweë, lewe uit vaste stowwe, waterstowwe en gasse tot stand laat kom en miljoene spesies van plante, diere en mense oor die gang van miljarde jare heen, een na die ander na vore laat kom. Dit alles gebeur net omdat God se verklaring die kragtige werking van sy wil is.

God se verbond is ’n soewereine verklaring oor wat daar tussen ons en Hom sal wees. Hy sê ons sal nie meer deel wees van mense wat in sonde wil leef nie; Hy sê ons is rein; Hy sê ons is vry van afgode; Hy sê ons ou houding is verby; Hy sê ons sal ’n nuwe houding hê; Hy sê Hy is ons God en ons is sy kinders – en dan is dit soos wat Hy sê.

Wat God sê, skep Hy. Wat tussen ons en God is – is daar deur die kragtige werking van sy verklaring.

Omdat my gehoorsaamheid, my veranderde houding en geaardheid alles iets is wat God deur sy genadeband binne-in my skep, is die verbond glad nie ’n persoonlike verhouding wat ek met God aangaan nie.

## 5. <u>In die genadeverbond is daar nie eise waaraan ons moet voldoen nie</u>

Daar is geen “moets” en “asse” waar God die beloftes binne die genadeverbond waarmaak nie. In die genadeverbond is daar geen beloning of straf wat aan die beloftes gekoppel is nie.

Lees ’n bietjie wat sê Esegiël in verse 31 en 32:

*“31 Dan sal julle terugdink aan julle bose optrede en julle gedrag wat nie goed was nie en julle sal ŉ afsku hê van julle self oor julle sonde en afskuwelike dade. 32 Julle moet weet, sê die Here my God, dat Ek dié dinge nie ter wille van julle doen nie. Al wat julle pas, Israel, is skaamte en skande oor julle optrede.”*

Al wat by hulle pas is skaamte en skande oor die sonde wat hulle doen.

- Gaan die Here hulle straf vir die sonde?
- Gaan Hy eis dat hulle eers moet ophou met hulle skandelike optredes voordat Hy hulle gaan skoonmaak?
- Gaan Hy eis dat hulle eers die houding wat hulle skaamteloos laat sonde doen verander – voordat Hy hulle vergewe?
- Gaan Hy eis dat hulle eers moet besef hoe boos hulle optrede was en dat hulle eers moet bekeer (afsku kry in sonde) voordat God vir hulle God gaan wees?
- Is daar ’n beloning vir gehoorsaamheid?

Dit is wat genade beteken. Die Here maak al die nuwe beloftes waar, sonder dat Hy hulle straf vir hulle sonde óf beloon vir hulle wetsgehoorsaamheid. Die Here maak al die beloftes van die genadeverbond deel van hulle lewe, sonder enige verantwoordelikhede wat hulle teenoor die wet van die Here hoef na te kom.

Dit is die verskil tussen ’n kontrak opstel en ’n geskenk gee: ’n mens gee ’n geskenk omdat jy wil, sonder enige “moets” en “asse”.

**6. <u>Die beloftes van die genadeverbond is daarom nie ’n aanbod of ’n uitnodiging wat God aan ons maak nie</u>**

Esegiël wys dat God hierdie band uit niks skep, deur die beeld van die laagte vol dooie bene, Eseg. 36:

*“Die mag van die Here het my in besit geneem en my deur die Gees van die Here uitgebring en neergesit binne-in ’n laagte. Die laagte was vol bene. 2 Die Here het my om die bene laat loop, en ek het gesien daar is baie bene in die laagte en hulle is baie droog. 3 Toe vra Hy vir my: “Mens, kan daar in hierdie bene weer lewe kom?” Ek het geantwoord: “Nee, dit weet net U, Here my God.” 4 Hy sê toe vir my: “Tree op as profeet vir hierdie bene en sê vir hulle: Hoor die woord van die Here, droë bene! 5 So sê die Here my God vir hierdie bene: Ek gaan gees in julle laat kom sodat julle kan lewe: 6 Ek sal vir julle senings en vleis aansit en julle oortrek met vel en dan sal Ek gees in julle gee sodat julle kan lewe. Dan sal julle besef dat Ek die Here is.”*

In sy genadeverbond rig die Here nie aan ons ’n uitnodiging of ’n versoek of ons graag deel van sy beloftes wil wees nie. God vra ons nie of ons hierdie band met Hom wil hê nie. Geraamtes kan nie verhoudings aangaan nie. Geraamtes wil niks hê nie. Geraamtes kan nie bydraes maak nie.

Geraamtes kan net weer mense word deur ’n skeppende daad van God. Hy verklaar aan geraamtes Hy sal weer vir hulle vleis aansit en hulle laat leef. Dan is dit so! God se genadeverbond is ’n skepping, nie ’n versoek wat God aan ons maak nie.

Om sondaar te wees beteken om ’n geraamte te wees: as God nie sy beloftes waarmaak deur sy verklarende krag nie, dan sal ons niks anders wil wees as sondaars nie.

**Opsomming**: Die genadeverbond is ’n band wat God tussen ons en Hom skep deur ’n verklaring. Daarom is dit ’n geskenk van God aan ons en nie ’n aanbod of uitnodiging met eise waaraan ons moet voldoen nie.

**Oefening**: 1. Lees Genesis 12:1-5.

2. Is die Here hier besig met ’n uitnodiging of ’n verklaring?
3. Is Abraham se gehoorsaamheid sy deel van die kontrak, of is dit ’n gawe van God se verklaring?
4. Het jy geweet jou liefde vir God en jou pogings om Hom te gehoorsaam – is ’n gawe wat God in jou geskep het?